

UIT DIE WOORD VAN GOD - 5 APRIL 2020

SEWENDE LYDENSSONDAG

TEMA: *“Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.” (Joh. 10: 11)*

Die Here groet ons:

“Genade en vrede vir julle van God ons vader, en van die Seun Jesus Christus, en van die Heilige Gees.”

Ons Bid saam, al is ons oral versprei, dat die here ons sal seën om onder leiding van Sy Gees te beleef dat Hy vandag met ons elkeen persoonlik praat uit Sy Woord en dat Hy ons saambind as Sy gemeente in Paardekraal-Monument!

Skriflesing: Joh. 10: 1-18 en Psalm 23.

1. Lees eers Joh. 10: 1-18 en spandeer tyd om hierdie ryk Evangelie-boodskap met Jesus as die middelpunt daarvan, behoorlik te “verteer”.

Net vooraf:

Hoofstuk 10 moet nie los van hoofstuk 9 geles word nie. Dit is eintlik ’n verduideliking van die groot verskil tussen Jesus en die Joodse leiers met behulp van die beeld van skaapboerdery. As jy hoofstuk 10 klaar geles het, weet jy hoekom jy vir Jesus moet kies.

(Die Joodse leiers en wetgeleerdes het vir Jesus verwerp en hulleself as die godsdienstige leiers van die Jode gehandhaaf – en dit nadat hulle nie kon ontken dat Jesus ’n blinde man se oë laat oopgaan het, wat hulle natuurlik nie kon doen nie.

* Lees nou saam Joh. 10: 1-6.

* Dink na en gesels oor die feit dat Jesus die beeld van skape met ’n herder gebruik om Sy verhouding met ons in hierdie beeld oop te maak. Hy sê Hy is die ingang/hek vir Sy skape, en ook die Herder van Sy skape.

* Wat beteken dit vir ons dat Hy ons leer dat Hy die hek/ingang in die kraal, maar ook self die Herder is?

* Lees nou ook verse 7-10 en dink na en gesels oor Jesus se woorde hierin – watter rykdom Sy offer vir ons inhou.

* Nou lees ons verse 11-18 wat hierdie ryk boodskap tot sy klimaks dryf!

* verse 17-18 vat Jesus se diepste offer-lyding in ’n neutedop saam!

“Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het.”

2. Lees nou Psalm 23 wat ons almal so goed ken, maar maak nou elkeen hiervan gebruik om jou eie lewe opnuut oor te gee aan jou Here en verlosser – jou Herder.

* Om jouself as ’n “dom skaap” te verstaan in die nabyheid van die groot Herder, is al klaar per definisie die kern van afhanklike oorgawe aan ons Here en Verlosser!

* Dit staan in skrilte kontras met die mens wat maar eintlik self wil regkom, wat in ons tyd al hoe meer van ander en God – en homself – vervreemd raak.

* Dit staan in skrilte kontras met die mens wat vanweë sy intellektuele en ander vermoëns beslis nie met ’n – sal ek dit sê? – met ’n simpel skaap vergelyk wil word nie. ’n Skaap sukkel om homself te verdedig. Hy kan nie goed sien nie – so drie treë ver, en raak maklik so drie treë op ’n slag al hoe verder van die trop af wanneer hy van een groen graspol na die volgende loop. Op ’n oop veld kan ’n skaap nie sonder ’n herder klaarkom nie. Veral snags is ’n skaap baie weerloos.

* Ons as moderne mens het so ’n swak begrip van warmte en liefde dat die diep betekenis van hierdie psalm maklik by ons verbygaan.

* Psalm 23 verseker ons daarvan dat die Here as Herder vir sy skape sorg. Hulle kom niks kort nie. Die skape ken die herder se stem. Hulle loop agter hom aan. Die herder sorg vir weiding, water en ’n plek om te lê en herkou. Hy bly by die skape om hulle

te beskerm. Altyd. Selfs in die donker dieptes. Saans staan hy by die kraal-ingang en ondersoek elke skaap, smeer self aan seerplekke. Hy gee vir elkeen water om te drink en sit voer op 'n gebreide beesvel neer. Terwyl die skape veilig en versorg by hom is, is hulle vyande, die wilde diere, buite besig om te soek na kos en water. Die skape geniet die herder se goedheid en guns. Om by hom te bly, vir altyd, is die beste.

* Die herder het in die Bybelse tyd nie die skape aangejaag soos ons vandag skaapwagters ken nie. Hy het voor hulle uitgeloop.

* Psalm 23 is 'n Psalm van vertroue en hoop. In hierdie Psalm getuig Dawid dat hy op die Here bly hoop en dat die Here, die goeie herder, vir hom sorg. Dawid het dit so goed verstaan, want hy het self sy pa se skape opgepas.

* Dis opvallend dat Dawid homself nie net as herder identifiseer met sy broos en dom skape nie, maar dat hy ook in verse 5-6 sy belewenis van 'n persoonlike verhouding met God uitdruk met sy ervaring van huis toe kom na 'n harde dag se werk - daar wag gasvryheid en oorvloed vir hom.

Slot:

Bid nou elkeen Psalm 23 in stilte as jou hernude oorgawe aan God as jou Vader wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir jou oorgelewer het om jou tot in ewigheid te red – vir jou as “dom, onbeholpe skaap”.

Wil jy dalk nou net weer buig by die groot Herder en vir Hom sê:

"Here, U is my Herder. Ek kom niks kort nie.

2 U laat my rus in groen weivelde. U bring my by waters waar daar vrede is. 3 U gee my nuwe krag.

U lei my op die regte paaie tot die eer van U Naam.

4 Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.

5 U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk.

U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.

6 U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in U huis, Here, tot in lengte van dae.

Amen!"

Ontvang die seën van die groot Herder:

“Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God, ons Vader, en die gemeenskap van die Heilige Gees is by jou, nou, en tot in ewigheid!” Amen.